NOV.-DES.
1959

KOERS

DEEL XXVII No. 5

# DIE NUWE FRANSE GRONDWET.

Hieroor is reeds heelwat gepubliseer en hierdie artikel wil kortliks die beskikbare gegewens saamvat veral na aanleiding van een van die jongste publikasies, nl. 'n artikel van Stanley H. Hoffmann van Harvard in The American Political Science Quarterly van Junie, 1959. Die eksperiment van genl. De Gaulle is ook van belang met die oog op die konstitusionele vorm van ons komende republiek en die ontwikkeling van ons sogenaamde Bantoestans. Die teks van die nuwe grondwet is te vinde in Campbell en Chapman se Engelse vertaling uitgegee deur Blackwell.

Hiervolgens bepaal en beheer die kabinet die staatsbeleid, hoewel dit vir sy ampsbekleding die goedkeuring nodig het van die parlement. Maar die kabinet is meer selfstandig gemaak teenoor die parlement deur die volgende vier reëlinge:

1. Geen kabinetslid mag ook parlementslid wees nie.

2. 'n Kabinet kan net deur die parlement tot 'n val gebring word deur 'n formele mosie van wantroue waarvoor 'n absolute meerderheid gestem het en wat op verskeie maniere bemoeilik word.

3. Gewone parlementsittinge is beperk tot twee en 'n halwe maande in die herfs en drie maande in die lente.

4. Die parlement kan deur die regering ontbind word te enige tyd behalwe in die eerste jaar na 'n algemene verkiesing, iets wat die kabinetslede nie affekteer, omdat hulle geen parlementslede is nie.

Die parlement, tot nog toe genoem, dra die naam Nasionale Vergadering en kom in die algemeen ooreen met ons Volksraad. Vir wetgewing het hierdie parlement of volksraad egter die medewerking nodig van die kabinet en die senaat.

Boondien is wetgewing deur die parlement beperk tot bepaalde onderwerpe, naamlik: burgerlike regte en vryhede; nasionale verdediging; persoonlike status, huwelik en erfenis; strafreg en regspleging; belasting en muntstelsel; die kiesstelsel; skepping van nuwe openbare instellinge; garansies vir staatsamptenare; nasionalisasie en denasionalisasie. En in die volgende sake mag

die parlement alleen algemene grondbeginsels vaslê, naamlik: verdediging, plaaslike bestuur, onderwys, vermoënsreg; arbeidsreg en bestaansbeveiliging; nasionale beplanning. Ook mag 'n parlementslid geen maatreël voorstel wat staatsfondse sal verminder of staatsuitgawes verhoog nie, en as 'n voorstel ingedien word op 'n terrein wat aan die regering gedelegeer is, kan die kabinet of op appèl die Konstitusionele Raad dit verhinder.

Die kabinet bepaal ook die werkprogram van die parlement en het origens 'n hoofrol in die proses van wetgewing, behalwe die reg om self bevele met wetskrag uit te vaardig oor die sake wat nie aan die parlement opgedra is nie. Selfs die begroting kan deur die kabinet vasgestel word, as die parlement dit nie binne sewentig dae afgehandel het nie.

Die Volksraad is wel verder die eintlike parlement, maar dit het vir wetgewing op sy gebied die saamstemming nodig van die senaat en as daar botsing is met die senaat, kan die Eerste Minister 'n kompromie bewerk deur 'n gesamentlike komitee of kan die kabinet eindelik 'n finale beslissing versoek van die volksraad.

Die bogenoemde Konstitusionele Raad versterk ook die posisie van die regering. Die staatspresident en die voorsitters van die twee huise benoem elk drie lede hierop; verder het oud-staatspresidente sitting, en almal is tot geheimhouding verplig. Hierdie Raad keur die geloofsbriewe van alle parlementslede en die grondwetlikheid van parlementêre reglemente, en nuwe wette betreffende staatsorgane; maar ook gewone wette kan daarheen vir keuring of toetsing verwys word deur die voorsitters van die twee huise of die Eerste Minister of die Staatspresident. Word enige maatreël afgekeur, is dit ongeldig.

Behalwe dat die kabinet so versterk is teenoor die parlement, het Frankryk nou in die Staatspresident in die woorde van pres. De Gaulle self „'n nasionale skeidsregter ver verwyderd van die politieke partystryd". Hy is immers nie slegs staatshoof in 'n formele sin nie, maar hy benoem die Eerste Minister en is voorsitter van die Ministerraad; boondien is hy opperbevelhebber en aansteller van verskeie hoofamptenare en het hy die reg om die parlement te vra om 'n wet te heroorweeg en om self boodskappe aan die parlement te rig en nog veel meer. Maar bo alles kan hy persoonlik die volksraad ontbind en homself tot nooddiktator uitroep gedurende 'n noodtoestand.

Hierdie laaste allerbelangrikste mag word soos volg geformuleer in art. 16 van die Grondwet:

„Wanneer die instellinge van die Republiek, die onafhanklikheid van die volk, die veiligheid van sy gebied of die vervulling van sy internasionale verpligtinge ernstig en dringend bedreig word en wanneer die reëlmatige werking van die grondwetlike owerhede onderbreek word, moet die Staatspresident die maatreëls tref wat deur hierdie omstandighede vereis is, ná amptelike raadpleging met die Eerste Minister, die Voorsitters van die Parlementshuise en die Konstitusionele Raad. Hy moet die volk van hierdie maatreëls in 'n boodskap verwittig en hulle moet gerig wees

op 'n allerspoedigste herstel van die normale werking van die grondwetlike owerhede. Die parlement moet volgens regsreëling vergader en die volksraad mag gedurende die uitoefening van die President se noodmagte nie ontbind word nie."

Dit kom hierop neer dat so lank die parlement hom goed gedra, die kabinet kan regeer volgens die normale parlementêre stelsel, terwyl in die teenoorgestelde geval die kabinet hom in diens kan stel van die President volgens die normale presidensiële regeringstelsel.

Die president is dan ook in sy posisie nie afhanklik van die parlement of die politieke partywese nie. Sy verkiesing berus op 'n ingewikkelde nasionale grondslag, min of meer soos volg:

'n Kieskollege word hiervoor saamgestel wat vir Frankryk self bestaan uit al die parlementslede plus die lede van die Algemene of Gebiedsrade, al die Burgemeesters, 'n wisselende aantal munisipale raadslede min of meer eweredig aan die betrokke aantalle inwoners, maar met voorkeur vir die kleiner munisipaliteite, tot 'n totaal van byna 80,000. Die aandeel van die buitelandse Franse gebiede word ondertoe aangegee. Maar nou kan reeds opgemerk word dat die kieskollege in plaaslike seksies vergader en ook die senatore kies. Tot Frankryk self word ook tot nog toe gereken Algerië en 'n paar ander minder belangrike gebiede.

Wat die posisie van die ander oorsese gebiede, hoofsaaklik in Afrika, betref, dit is volgens die nuwe grondwetlike reëlinge nou in hoofsaak soos volg:

In die eerste plek kan hulle plaaslike selfbestuur verkry, verbind met deelname in die sentrale regering net soos die ander dele van Frankryk self.

In die tweede plek kan hulle selfregerende deelstate word van die Franse Gemeenskap sonder deelname in die Franse Parlementêre Organisasie.

In die derde plek kan hulle stem vir volkome onafhanklikheid, soos Guinea reeds gedoen het.

Daar is vir die hele Franse Gemeenskap 'n eie owerheidsorganisasie belas met die behartiging van die gemeenskaplike belange van Frankryk self en die oorsese gebiede van die Franse Gemeenskap, naamlik: Buitelandse Sake, Verdediging, Muntstelsel, Gemeenskaplike Ekonomiese en Finansiële Beleid en Beleid betreffende strategiese grondstowwe, Toesig oor Geregshowe, Hoër Onderwys, Buitelandse Vervoer, Vervoer binne die Gemeenskap, Telekommunikasie, en Gemeenskaplike Burgerskap. Maar die laasgenoemde ses sake kan uitgesluit word deur besondere verdrae tussen die President en die betrokke Staat.

Die Franse President is ook President van die Gemeenskap en sal as sodanig in die toekoms verkies word volgens 'n stelsel wat ooreengekom sal word tussen die Franse Republieke en die State wat selfregerende dele is van die Franse Gemeenskap buite Frankryk self.

Die President van die Gemeenskap is voorsitter van 'n Uitvoerende Raad bestaande uit die regeringshoofde van die lidstate en die Ministers verantwoordelik vir Gemeenskapsbelange, wie se wyse van aanstelling onbepaald gelaat is.

Daar is ook 'n Senaat van die Gemeenskap, bestaande uit afgevaardigdes van al die parlemente in die Gemeenskap en sy funksie is slegs raadplegend, met die reg om geskrewe vrae te stel aan die Uitvoerende Raad. Dit vergader tweemaal per jaar in Parys, telkens vir uiters 'n maand.

Wette wat die organisasie van die Gemeenskap betref, vereis die goedkeuring van hierdie senaat sowel as van die Franse parlement. Origens beraadslaag dit net, terwyl wetgewing verder berus by die betrokke parlemente en veral by die Franse parlement. Die Uitvoerende Raad funksioneer ook hoofsaaklik deur middel van die President en sy oorsese Hoë Kommissarisse.

Die Gemeenskap is so gekonstrueer dat dit sou kan funksioneer as 'n Federasie of 'n Konfederasie of iets soos die Britse Statebond, maar met 'n gemeenskaplike burgerskap naas 'n gemeenskaplike trou aan die President. Die President het deurgaans die inisiatief in die neem van beslissinge en voorlegging van sake aan die senaat. Hy stel ook die lede aan van die Gemeenskap se skeidsgereg en het die reg om adviserende meninge daarvan te versoek.

Ten slotte draai alles om die persoon van die Persident sowel in Frankryk as in die Gemeenskap, maar die huidige kabinet is taamlik selfstandig, met 'n aantal oud-staatsamptenare, 'n ekonoom en 'n beroemde skrywer as lede behalwe die politici, terwyl die Parlement ook goed verteenwoordigend is van die soliede burgery: 7 arbeiders, 92 amptenare, 52 kleinboere, 57 regspraktisyns, 37 dokters, 74 handelaars, 54 professionele persone, 60 militêre — en slegs 131 van die vorige 537 tipiese party-politieke parlementariërs van die Vierde Republiek en slegs 10 van die vroeër 145 Kommuniste.

Maar die vlottende stem bly groot, die partywese verbrokkeld en die Algerynse kwessie nog onopgelos, afgesien van moeilikhede in die Atlantiese Verdragsorganisasie en die Europese integrase-skema. Boondien is die konstitusionele hervorming eensydig gebaseer op die verouderde regse of konservatiewe rigting in die Franse politiek, aangesien sy grondgedagtes geformuleer is deur Debré en De Gaulle onder invloed van René Capitant se propagering van die beskouinge van Raymond Carré de Malberg, van wie Nicholas Wahl van Harvard in die genoemde uitgawe van die American Political Science Review op bll. 378-379 sê: „The latter was a relatively unknown theorist, strongly influenced by German political thought, who sharply dissented from the prevailing French school of Duguit, Esmein and Haurion. His theory is set forth in: Théorie Générale de l'Elat (Paris, 1920). . . . The growing dominance of the (French) Chamber of Deputies had, as he put it, replaced popular sovereignty with parliamentary sovereignty, and destroyed the last vestiges of a separation of powers between the executive and the legislative." Dergelike beskouinge is in die politiek voortgeset deur André Tardieu en die Pétain-groep, behalwe dat laasgenoemde die Eerste Minister nie aan die parlement verantwoordelik wou maak nie, maar aan die Staatshoof.

Hierdie hele beweging het gekon-

sentreer op 'n neutralisering van die supremaat van professionele parlementariërs deur versterking van die owerheidsgesag beliggaam in 'n indirek verkose staatshoof. „In fact," sê Wahl op bl. 380, „all of them did share the fear that a weak executive, coupled with a dominant legislature led by a self-perpetuating elite, could not prevent national disaster . . . . The particular combination of liberal economics, authoritarian politics, and militant patriotism that produced this fear, appeared in the early years of the present century."

Ten slotte net 'n opsomming van die toekoms-visie vir Algerië soos binne hierdie raamwerk deur pres. De Gaulle gestel op 16 Sept. 1959 volgens die amptelike Courrier de France van 1 Okt. 1959.

Genl. De Gaulle het eers die voorwaardes gestel vir die vrymaking van Algerië, naamlik die geleidelike pasifikasie, die invoering van universele stemreg en sosiale en ekonomiese ontwikkeling, waarvoor Frankryk in 1959 ongeveer £150 miljoen beskikbaar gestel het.

Op hierdie grondslag het genl. De Gaulle onderneem om die Algeryne binne vier jaar ná die herstel van normale toestande vrylik te laat kies tussen drie alternatiewe, naamlik:

1. Sesessie van Frankryk met die voorbehoud dat Frankryk voorsiening sal maak vir dié Algeryne wat verkies om Frans te bly, en vir die beskikbaarstelling van Sahara-olie aan die Weste.

Òf 2. Volledige integrasie met Frankryk self, sodat Frankryk sal strek van Duinkerke tot by Tamanrasset.

Òf 3. Selfregering vir Algerië binne die Franse Gemeenskap in saamwerking met Frankryk wat betref ekonomie, onderwys, verdediging en buitelandse sake en met interne federalisasie.

Om aan die keuse tussen hierdie alternatiewe deel te neem het hy ten slotte die rebelle weer uitgenooi om die wapens neer te lê, sonder enige vrees vir viktimisasie, en so die vrede van die helde te vestig.

L. J. DU PLESSIS.